

## Maandag 19 Augustus

<b>Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11-21 (1983-vertaling)</b>	<b>Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:19, 20</b>
---	---

### **Regverdigmaking – Christus is ook ons Opdraggewer uit liefde**

Die gesag waarmee 'n mens optree, is bepalend vir die uitkoms van jou sending. Jy kan die treffendste en rykste boodskap hê, maar as dit nie (1) die waarheid is nie en (2) met die nodige gesag verkondig word nie, is dit van geen betekenis nie. Ons beleef daaglik voorbeelde hiervan deur die boodskappies wat ons op ons selfone ontvang. Jy weet nie wie die oorspronklike opsteller daarvan nie en jy is ook nie seker of dit die waarheid is nie. En dan word daar van jou verwag om dit nog aan te stuur ook!

Met die “boodschap van versoening ... dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie” is dit anders. Dit is vir seker die waarheid, omdat die Woord van God daarvan getuig dat “iemand wat aan Christus behoort, 'n nuwe mens (is)” (vs 17) en dat dit “alles die werk van God (is)” (vs 18). Die ou lewe in vyandskap met God is deur Homself beëindig. Ons mag en kan nou in 'n nuwe, oop liefdevolle verhouding van vriendskap met God leef. Net soos die skepping van alles, is ons nuwe skepping ook van God.

God het besluit om hierdie waarheid nie geheim te hou nie. Deur Christus het Hy vir die apostels die opdrag gegee om dit gesagvol bekend te stel. As gesante van Christus het hulle nie 'n opsie gehad nie, want die liefde van en vir Christus het hulle “gedring” (vs 14) om sy opdrag uit te voer. Sulke wonderlike nuus kán 'n mens in elk geval nie vir jouself hou nie.

Daarom móét ons onself afvra: Gaan ek dit vandag vir myself hou, of gaan ek ook by mense pleit om hierdie versoening met God te aanvaar?

*Sing: Skrifberyming 1-4:1-4*

*Ds. JA Schutte (Johan) (Emeritus)*